

**21 BANGLADESJ** Bid dat die kleremakers-opleiding in Bangladesj, wat deur Geopende Deure aangebied word, ʼn impak op die lewens van baie vervolgde gelowiges sal maak. Soos in die geval van Janath Ara wat gesê het, "Ek het geen bron van inkomste gehad nie en het nutteloos gevoel, maar nadat ek Geopende Deure se kleremakers-opleiding bygewoon het, is ek nou in staat om te werk en my familie te ondersteun."

**22 IRAK** Alhoewel die Islamitiese Staat uit Irak verdryf is, is daar steeds baie pyn en onsekerheid onder Irakiërs. Bid vir verligting van die pyn en vir die vrede wat net Jesus aan Sy kinders in die land kan besorg.

**23 GASA** Die daaglikse lewe in Gasa is swaar vir die handjievol gelowiges wat daar woon. Daar is beperkte elektrisiteit beskikbaar, die water is ondrinkbaar en temperature kan hoog raak. Bid vir al die mense, insluitende Christene, wat swaar ly onder hierdie omstandighede.

**24 JEMEN** Volgens ʼn verslag veroorsaak die oorlog in Jemen dat kinders se groei belemmer word. Ook vanweë die oorlog, trou meer meisies onder 18, is die lewenskoste 40% hoër, en tweemiljoen kinders gaan nie skool nie. Bid asseblief vir emosionele en geestelike genesing vir die mense van Jemen en dat die oorlog tot ʼn einde sal kom.

**25** Emir* bid vir die siekes en verkondig die Evangelie in Jemen. Mag die Here, die vir wie hy bid gesond maak, nie net fisiek nie, maar ook emosioneel, waar baie trauma in die voortslepende oorlog opgedoen is.

**26 ARABIESE SKIEREILAND** Bid vir gelowiges in die streek van die Arabiese Skiereiland om maniere te vind om uit te reik na Moslems wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie. Bid dat Islam se greep oor hierdie streek sal verswak en dat nuwe gelowiges tot die Koninkryk van God gevoeg sal word.

**27 INDONESIË** Op 13 Mei het ʼn familie van ses selfmoord-bomaanvallers drie kerke in Surabaya geteiken. Minstens 14 mense is vermoor en talle ander beseer. Bid vir vertroosting en krag vir die wat steeds oor die verlies van hul geliefdes treur.

**28 VIËTNAM** Die Viëtnamese regering het ʼn dokument vrygestel wat vereis dat kerke al hul aktiwiteite by hul plaaslike owerhede registreer. Baie kerkleiers glo dat dit ʼn baie negatiewe impak op hul aktiwiteite sal hê. Bid vir wysheid en leiding vir kerke wanneer hulle hierdie vereiste hanteer.

**29 BROENEI** Die sultan se poging om sjaria-wetgewing in Broenei te implementeer, het tot gevolg dat kerke slegs binne die veiligheid van hul mure werksaam is. Bid vir hierdie kerke om nuwe maniere te vind om hul gemeenskap met die Evangelie te beïnvloed.

**30 TURKMENISTAN** Akhmad*, ʼn Gelowige vanuit ʼn Moslemagtergrond, is beboet omdat hy sy persoonlike Bybel by die huis gelees het, alhoewel dit toegelaat word deur die Turkmeense wet. Bid vir Turkmeense Christene – vir vryheid om hul geloof te beoefen en dat die polisie hulle nie ongeregtelik sal onderdruk nie.

**31 TSJETSJNIË** Gedurende Ramadan in Mei het Islamitiese ekstremiste ʼn kerkdiens aangeval en sewe mense vermoor. Bid vir die Here se beskerming oor Sy kinders in Tsjetsjnië. Bid ook vir hulle wat getraumatiseer is en geliefdes in die aanval verloor het.

*Name verander vir sekuriteitdoeleindes.


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org | I www.opendoors.org.za

@opendoorssa
Open Doors South Africa
open_doors_sa


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



"Laat jou sorge aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie." –Psalm 55:22 (1983)

**Augustus 2018**

**1 INDIË** ŉ Pastoor van noordelike Indië is daarvan aangekla dat hy mense dwing om te bekeer. Bid asseblief vir beskerming vir hom en sy familie, siende dat hy deur ŉ Hindoe-ekstremisgroep gedreig word en die polisie en ander ekstremistiese groepe hom dophou.

**2 NEPAL** Shirisha* is deur haar man uit die huis geskop oor haar Christelike geloof. Sy bly nou saam met haar ouers wat haar ook vervolg. Haar pa het haar geslaan en geëis dat sy haar geloof herroep. Bid vir volharding en ŉ veilige hawe vir hierdie suster.

**3** Die Hindoe Jeugvereniging van Nepal het die regering aangespoor om Christenskap in die land te keer. Christene word ook geteiken deur valse aanklagtes dat hulle beplan om sluipmoorde op Hindoes en Hindoe-ghoeroes uit te voer. Bid vir die Here se goddelike ingryping in Nepal.

**4 MIANMAR** Bid vir die Here se voorsiening vir gelowiges in Mianmar wat vanweë erge vervolging ontwortel is. Bid dat God bronne van inkomste sal voorsien en dat gelowiges bemoedig sal wees om te volhard in die geloof.

**5 SUIDELIKE FILIPPYNE** Hou asseblief aan om te bid vir die herbouing van Marawi en vir die herstel van verlies en trauma vir almal wat deur die vyfmaande-lange konflik in 2017 geaffekteer is. Bid vir hernude hoop vir die Kerk, sodat hulle ŉ bron van bemoediging kan wees vir alle oorlewendes.

**6 BHOETAN** Bid dat die nuutverkose leiers van Bhoetan die mense van die land sal dien en nie hulle eie persoonlike belange nie. Bid dat hulle meer geleenthede vir Christene in die land sal skep om hul geloof in vryheid te beoefen.

**7** Mev. Ran* is deur haar man geslaan, en word aanhoudend deur sy familie gespot, omdat sy weier om Christus te versaak. Bid dat sy nie onder die druk sal vou nie, maar sterk in die Here sal staan. Bid vir die saligheid van haar man en skoonfamilie.

**8 LAOS** Prys die Here vir die hart van stamkerke in Laos. Baie van hulle, geondersteun deur Geopende Deure, begin landswye gebedsbyeenkomste en samekomste vir Christene. Bid dat hulle sal aanhou om die Here te gehoorsaam.

**9 SRI LANKA** Bid vir Christene in Sri Lanka, veral pastore, wat deur Boeddhistiese bendes aangeval word. Bid dat hulle sal aanhou om sterk te staan in die waarheid, en om die Here te dien, ten spyte van hierdie aanvalle.

**10 MALI** Toe Yoro* (20), ŉ lid van die Moslem Fulani-veewagters, na Christenskap bekeer het, het hy doodsdreigemente en daaglikse druk van sy gemeenskap ervaar en moes hy vlug. Bid vir genade en voorsiening vir Yoro terwyl hy dissipelskap- en beroepsopleiding ontvang.

**11 ERITREA** Toe die Eritrese owerhede ontdek dat Matthew* ŉ Christen is, het hulle hom in ŉ soldatekamp opgesluit. Met sy vrylating, het hy uit die land gevlug en dien hy vandag Christenvlugtelinge. Bid vir God se genade en voorsiening vir hom en baie ander soos hy wat dié help wat gevaar vir hul geloof in die gesig staar.

**12 NIGERIË** Bid vir Comfort Obida, en die baie ander weduwees soos sy, wat vir hulself moet sorg nadat hul mans, vroeër die jaar, deur Moslem Fulani-veewagters vermoor is. Bid vir God se vertroosting en voorsiening vir hulle en hul kinders.

**13 HORING VAN AFRIKA** Toe Ayaan ŉ Christen geword het, wou haar familie haar doodmaak. Sy het baie alleen gevoel, maar, genadiglik, kon Geopende Deure haar bereik en haar bedien. Ayaan vra nou dat ons die Here sal vra om haar met ander vroulike gelowiges in aanraking te bring, wie sy weer op haar beurt kan bedien.

**14** Farah*, ŉ Christen van Somaliese afkoms, verlang om met sy vrou herenig te word. Sy het hom verlaat omdat die vervolging teen hulle te veel was om te hanteer. Bid dat God inderdaad vir Farah en sy vrou sal herenig.



Bid asseblief dat die Here vir Farah sal vertroos terwyl hy die verwerping deur sy bloedfamilie hanteer, en dat hy met sy vrou herenig sal word.



**15 EGIPTE** Bid dat namate jong Egiptenare deelneem aan die Kerk se someraktiwiteite, hulle God se roeping op hul lewens sal besef en hulle lewens ten volle aan Hom sal toewy.

**16 SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK** Hou asseblief aan om te bid vir Jeovani (7), Steven (6) en Dieu (8), wat ernstig in ŉ ontploffing by ŉ kerk in 2013 beseer is. Bid dat die Here sal aanhou om hulle te versterk, namate hulle aanpas by ŉ lewe met kunsledemate. Mag hulle ook voortdurend in die geloof groei.

**17 ETHIOPIË** Tariku* dien as evangelis in oostelike Ethiopië, ŉ streek geneig tot vervolging. Hy het ŉ paar jaar terug ons *Standing Strong Through the Storm (SSTS)*-opleiding bygewoon. Bid dat hy baie meer gelowiges sal bereik met die *SSTS*-lesse wat hy geleer het.

**18 KAMEROEN** Djibril*, ŉ Gelowige vanuit ŉ Moslem-agtergrond in noordelike Kameroen, word gehaat, is verwerp deur sy familie, valslik beskuldig, en gevange geneem vir sy geloof in Christus. Ten spyte hiervan, bly hy steeds ywerig in die geloof – bid vir volgehoue krag te midde van hierdie druk.

**19 ALGERIË** Oor die afgelope maande het die Algeriese regering die druk op die Algeriese Kerk op verskeie maniere verskerp. Bid vir Algeriese gelowiges om sterk te staan en dapper in hul geloof in Jesus te wees en om hul geloof te verkondig, ten spyte van die toenemende druk.

**20 CHINA** Nazar is ŉ Gelowige vanuit ŉ Moslemagtergrond. Haar man het baie jare gelede, as gevolg van haar Christelike geloof, van haar geskei. Die egskeiding het haar seun diep getref. Bid asseblief vir genesing en vertroosting vir Nazar se seun en vir geduld en wysheid vir Nazar.